NG Kerk KraggaKamma
Ons is God se Fontein van Liefde / Hart vir Nelson Mandelabaai

# Ons leer wat is ‘n Roeping

(Ds. Toit laat die kinders voor sit en hulle roep vir Wysmuis om uit te kom.)

Wysmuis: Hallo Maaitjies! Ek het baie na julle verlang. Maar dit is lekker om terug te wees. Ons gaan hierdie jaar definitief meer by julle kuier as in 2021... Sal dit vir julle lekker wees?

(Maaitjies stem staam)

Wysmuis Dominee Toy Story- ek wil maar net vir jou laat weet, jy het nou gepraat van Selfies, maar jy kan nie vir my afneem nie, want daar is ’n wet genaamd die POPI-wet. Dit is spesiaal geskryf sodat jy nie hierdie Poppie hoef af te neem nie. (Wysmuis lag vir vir hom/haarself)

(Ds. Toit knik en gee ‘n thumbs Up)

Wysmuis: Kom maatjies, kom help vir my op vir Stoffel en Wouter te roep. Kom ons begin by Stoffel.

Een-twee-drie: Stoffel.....

Een- Twee- Drie: Wouter.....

(Wysmuis verdwyn agter skerms)

Stoffel (Gaap- Baie moeg).. Môre Maats... Ek wil die geleentheid gebruik maak om vir julle elkeen ‘n Happy New Year toe te wens..

Wouter (opgewonde) Môre, Môre Môre..... Neem man Stoffel my vriend, jy kan nie die mense Happy Newyear toewens nie, dit is al amper Februarie....

Stoffel Ja, maar ek het die Happy nou meer nodig as aan die begin van die jaar.

(Almal lag saam)

Wouter Okay, nou wat Janu- Worry verby is, kan ek ook sommer sê Happy New Year

Wysmuis Luister Stoffel en Wouter, ek wil vir julle ‘n vraag vra

Wouter JA?

Stoffel Is dit ’n moeilike vraag?

Wysmuis: Nee Stoffel dit is nie. (Stilte). Stoffel, Wouter ek het gewonder of julle weet wat is ‘n roeping?

Stoffel: ‘n Roep- wat- se- ding?

Wouter Nee man Stoffel. Wysmuis vra of jy weet wat is ‘n Roeping

Wysmuis: Ja, wat is ‘n roeping, of in Engels ’n Calling?

Stoffel: uhhhm ek verstaan nie Engels nie, maar ek dink ‘n roeping is soos toe hulle Vrydag by die Atletiek afkondig: Seuns 0/9 staan gereed vir die 100m.

Wysmuis: Ja, dit is ‘n uitroep wat gedoen is.. Maar wat is ’n roeping?

Wouter: (opgewonde) Ek weet, ek weet, ‘n roeping is iets wat Dominees het. Soos Dominee MG en Ds. Toy Story.

Wysmuis: Ja, jy is reg Stoffel Dominees het ‘n roeping, maar wat van die ander mense?

Stoffel: My Pa het ‘n roeping. Want my Ma roep hom heeltyd om goed te doen.. Dit is heeltyd, PA- kom maak hierdie reg, Pa wanneer is die vleis reg vir eet.

Wouter: Ja in my huis is dit ook so.

Wysmuis: Weet julle, ek dink elke mens het ‘n roeping.

Stoffel; HUH? Ek verstaan nie hoe elke mens ’n roeping kan hê nie.

Wysmuis: Ja, Stoffel. Ons elkeen het ‘n roeping. Jesus het vir ons elkeen geskenke/gawes gegee wat ons met die wêreld kan deel. En soms het die wêreld die geskenk wat ons gekry het nodig. ‘n Roeping is wanneer die stem wat buitekant roep en die stem wat hier binne ons elkeen roep, dieselfde sê.

Stoffel uhhhhhm..So, wanneer hulle by die atletiek my roep (oor die interkom) en wanneer daar ‘n stemmetjie vir my hier binne ook sê dat ek wil hardloop en kan hardloop- dan is dit my roeping.

Wouter Ja, amper so iets Stoffel. My Ma sê altyd, die werk wat sy doen, is haar roeping. Sy sal niks anders in die wêreld wil doen nie.

Wysmuis: Dit is wonderlik... So elkeen van ons het ’n roeping. Liewe Jesus het vir ons gemaak met unieke gawes en talente (of unieke geskenke) en dan is daar sekere dele in die wêreld wat daardie talente benodig. En dan sal Jesus met ons gesels en vir ons sê om ‘n sekere werk of taak te doen. Dit is my roeping.

Wouter: So dit is wanneer die stem hierbinne en die stem daarbuite dieselfde ding sê...

Wysmuis: Julle is heeltemal reg. Ons gaan vandag by Kleuterkerk en ook hier in die kerk verder gesels oor Jeremia se roeping... Ek hoop dat julle vanoggend by Kleuterkerk saam met tannie Candice lekker sal kuier.

Stoffel: Ek is nou sommer baie opgewonde om my roeping te gaan leef.

Wouter: Maar dan gaan ek eers julle groet. Okay Maaitjies, ek hoop julle het ‘n pragtige Sondag..

Stoffel: BAAIII

Wysmuis: TOTSIEN Maaitjies.